Ges. 161:1,2 R.-Oos. 6 Jan.'52
Ps. 23:1,2. Exodus 14:1-18
" 75: 2

Tema:
Ex. 14:14 – Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees.

~~Ons lewe in 'n tyd van stryd. Selfs te midde van ons Kersvreugde en ons verwagtinge vir 'n nuwe jaar bly ons bewus van die besef: elke nuwe jaar, elke nuwe werk, elke nuwe taak gaan gepaard met inspanning, opoffering, worsteling.~~

Die nuwe jaar het begin. Voor ons lê 'n onbekende onbetrede weg. Moet al ons gelukwense dat dit 'n voorspoedige & geseënde jaar mag wees gaan gepaard die wete: die pad sal nie altyd maklik wees nie. Baie gou kan dit word 'n versperde pad – 'n pad met skyn-br. onoorkomelike hindernisse wat voorlê, vyande wat dreig, moeilikhede wat wil oorweldig. Geen woord daar wat dan meer kan beteken as: „Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees"

Vind hier 'n belofte en 'n voorwaarde.

I <u>Die Belofte</u>: „Die Here sal vir julle stry"

Om hd. belofte te kan begryp & aanvaar moet ons drie groot lewenswaarhede onthou:

① <u>Stryd is onvermydelik</u>: Soos met Israel toe hulle 'n onbekende & nuwe weg betree het, net so waar: geen lewe moontlik sonder stryd. Die aard d.v. wissel v. mens tot mens & van tyd tot tyd ma. d. onafwendbaarheid dw moet elkeen aanvaar.

Baie goeie rede: moet ons staal & sterk-anders klomp swakkelinge & hulpeloses

Dan moet ons verwag dat daar stryd gaan wees: sin. stryd, botsings ~~met ander~~ na buite, mis-verstand & moeilikheid

(2) Ons kan dd. stryd alleen nie voer nie:
Die mens lewe soms in d. waan dat hy sy lewe alleen kan beplan, sy planne alleen kan uitvoer, sy toekoms op eie houtjie kan verseker. Dan laat God-toe dat daar een of ander omstandighd opduik w/dens d. mens teen wil en dank moet ontdek en erken: ek is magteloos om in my eie krag, met my eie insigte een tree vorentoe of agtertoe alleen te gaan. Dan staan 'n mens waar Israel gestaan het op d. vooraand v.d. tog deur d. Rooi See: see v. waters voor (onbegaanbaar) - see v. soldate agter (onoorwinbaar).

(3) God alleen kan d. stryd ~~tot oorwinning~~ voer:
Dit was d. wese van hd. belofte wat Moses aan die volk gegee het: die hele Israel herinner a.d. waarhd: dit is God wat stry. Hy d. Skepper wat alles in aansyn roep — Hy d. Bestierder wat d. mens se gange bepaal — & sy weë lei. In Sy hand is ons hele lewe —
Dis een ding om dit met ons lippe te erken — maar dis iets gans anders om dit met ons lewe te bewys. As alles goed gaan & daar geen stryd & donkerhd is nie, besef ons dit nie altyd so goed nie: eers as ons in die noute gedrywe word om te ondervind: God alleen my toevlug & my helper
— Prof. Oberholzer — siekte enigste seun — „Vrag toe d. een geneesheer na d. ander weg-gaan se. wde: kan niks meer doen nie, toe ontdek wat wde in Ps 23 beteken:
„En moet ek in d. doodsdal diep & donker — van alle hulp ontbloot, in my alleenhd staan"
— Eers in dd oomblik: God voer d. stryd!

II Voorwaarde: „En julle moet stil wees"
Klink so behaaglik vir baie mense, so heel. vanself-ontogies: „Here stry - julle stil wees" vanself-ontogies: Spr. vr.: maar moet ek dan handegevou sit? Dis wat baie onder „stilwees" verstaan: 'n lydelike, pass. stilsit, 'n onverskillige, onpersoonlike toesien as buitestaander! Geen wonder dat so 'n stilwees niks bruikbaars bring nie!
Nee, God roep d. mens tot 'n aktiewe deelname, tot 'n mede-aanvaarding van sy aandeel in d. stryd v.d. lewe: 'n bemoedi-skap tussen d. Maker & sy Maaksel. God gee bepaalde opdragte - mr. d. mens moet dit uitvoer; God wil d. taak - mr. d. mens moet gewillig gehoorsaam; (Voorbeelde: (1) God Amalek verslg, Moses se hande ophou; mr. Aaron & Hur moes
(2) Dit is God wat wil sowel as om te werk na sy welbehae - mr. mens sy verlossing uitwerk mr. vrees & bewing Fil.
Mr. dit kom nie vanself nie: om dit te kan doen moet daar stilte wees — 'n aktiewe, lewende stilte waarin d. mens op God wag om te verneem wat Sy wil vir d. mens is.

— Tyd v. stilte: nie net nou & dan — gereelde tye v. afsondering & besinning

— Hoe om dd. stilte te hou:

- Wat gebeur as dit gehou word:
  - Kom tot eerlike ondersoek eie lewe
  - Kom tot opreg. belydenis eie skuld
  - Kom tot wond. ontdekking van Gods weg vir eie lewe
  - Kom tot sin. Kalmte + vrede wat blywend deurwerk
  - Kry nuwe, ongekende Krag vir taak wat wag
- Noodsd van hd. stilte vir ons ~~dag~~ ~~d~~ onrustige + ons tyd: swaarste stryd – om stil te word voor God